## 21 Februarie — Levitikus 1

### *Jesus en die brandoffer*

Die offers in Levitikus praat eintlik oor niks anders as Jesus aan die kruis nie. Die brandoffer beteken letterlik om in rook na God op te gaan. Dit was 'n vrywillige offer. Iets wat uit die drang van jou hart kom. Offer beteken om nader te kom. Die brandoffer was van iemand wat nader kom na God uit vrye wil. So sien ons Jesus wat Homself aangebied het (Joh. 10) om in die plek van sondaars te sterf. Die brandoffer moes uit die vee wees. Van jou besittings.

Wat jy vir die Here bring moet jou armer maak. Tog ook ryker. 'n Skat in die hemel (Matt 6). 'n Bul/ram sonder gebrek. Sterk en groot. Uit die manlike geslag. Jou beste. Toe Jesus aan die kruis gesterf het was dit die beste van God. Die Lam van God. Volkome (Heb. 9:14). Uit die krag van sy Godheid het Hy die geweldige toorn van God oor al die sonde gedra. Die offeraar lê sy hande op die kop. Hy dra sy sonde oor op die dier. So het Jesus my sonde oorgeneem (2 Kor. 5).

So sien ek in Levitikus die brandofferaltaar maar op Golgota die kruis van Jesus.

Sing: Skrifberyming 10:1 — Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)